

Hou moed, strewe en sorg! (OP112)

Heb 12:12-17

8 Januarie 2023

Tot dusver het ons gesien gelowiges mag uitsien om met vrymoedigheid in die Allerheiligste van die ware tabernakel in te gaan langs die nuwe lewende weg wat Jesus vir ons geopen het (Heb 10:19). Hulle behou die vrymoedigheid om daar te mag ingaan, deurdat hulle volhard in die geloof (Heb 10:35-36). In Heb 12:1-4 is hierdie volharding in die geloof vergelyk met 'n wedloop waaraan die gelowiges met volharding moet deelneem. Die prys aan die einde van die wedloop is om in die Allerheiligste te mag ingaan. Maar die wedloop is ook 'n stryd. Enersyds is dit 'n innerlike stryd teen die oorblywende sondige natuur van die gelowige wanneer hy stry teen laste en sondes wat hom so maklik omring. In hierdie stryd hou hy Jesus in die oog – Jesus as die Leidsman wat sy verlossing bewerk het, asook Jesus as die Voleinder van sy geloof wat sal toesien dat al God se beloftes sal realiseer en dat die gelowige daaraan sal deelneem (Heb 12:1-2). Andersyds is die gelowige ook gewikkel in 'n uiterlike stryd teen die duiwel, wat reeds deur Jesus oorwin en gebind is, asook teen die trawante van die duiwel. Hier dink die gelowige aan die erge lyding wat Jesus tydens Sy lewe op aarde deurstaan het tot in die dood, en dat Jesus nooit geestelik moeg geraak het in Sy lyding nie (Heb 12:3-4).

In Heb 12:5-11 het ons geleer dat die Here die mense tugtig wat Hy liefhet. Sy tugtiging is enersyds 'n liefdesaansporing van God, en andersyds is dit ook 'n bewys aan die gelowige dat hy 'n kind van God is. Gelowiges moet hulle egter in die tugtiging onderwerp aan God, en so dra die tugtiging dan by om 'n vrug van geregtigheid in die gelowige te bewerk.

Kan ek opsom: As 'n gelowige met vrymoedigheid in die Allerheiligste van die ware tabernakel wil ingaan, moet die gelowige volhard in die wedloop t.s.v. die innerlike en uiterlike stryd wat daarmee gepaardgaan. Hy kan verseker wees God is in beheer van hierdie stryd en God is besig om hom konstruktief te tugtig in hierdie stryd. Ja, die skrywer het nou al aangedui die gelowige moet in die stryd die oog gevestig hou op Jesus. Ja, die skrywer het nou al gesê in die tugtigings moet die gelowige hom onderwerp aan God. Maar presies hoe moet die gelowige dit doen? In Heb 12:12-17 gee die skrywer drie areas waarop die gelowige moet fokus tydens hierdie wedloop om sodoende maksimum voordeel te trek om te groei na daardie vrug van geregtigheid. Die drie areas waarop hy moet fokus is: (1) Hou moed! (2) Strewe! en (3) Sorg!

Hou moed! (Heb 12:12-13)

Lees Heb 12:12-13. Vers 12 begin met die woord “Daarom” – wat hier volg, volg logies op die voorafgaande verse. As die gelowige werklik wil vorder om 'n vredevolle vrug van geregtigheid te ontvang, moet hy doen wat hierna volg. In hierdie verse keer die skrywer terug na die beeld van die wedloop wat hy in verse 1-4 gebruik het. Die oproep is dat die Hebreërs hulle slap hande en lam knieë moet optel. Onthou, die Hebreërs het geestelik moeg geword. Hulle het gewonder of hulle moet volhard in die Christelike geloof, en of hulle nie maar eerder moet terugkeer na die Joodse geloof nie. Maar die skrywer se oproep is dringend: Nee, tel op die slap hande en lam knieë! Onthou wat die skrywer sopas aan hulle verduidelik het: Hulle is in 'n wedloop, en in 'n wedloop gebeur dit dat mens moeg word – dit is nie onverwags nie. Hulle moet ook onthou God is konstruktief besig met hulle deur hulle te tugtig sodat hulle kan groei – wat hulle beleef is nie iets wat buite beheer is nie, nee, God is in beheer.

Die oproep om die slap hande en lam knieë op te tel, gryp onder andere terug na Jes 35:3-6. Jes 35:3 is dieselfde oproep as wat ons in Heb 12 lees. Maar dan gaan vers 4 voort en sê dat daar vir die wat angstig is, gesê moet word: “Hou moed, moenie bang wees nie! Kyk, hier is julle God; die wraak kom, die vergelding deur julle God. Hy is die Een wat sal kom en julle verlos.” Die punt is dat die verlossing van God sal kom! Hoe moet die Hebreërs die slap hande en knieë optel? Hulle moet onthou: God sal die verlossing bring! Daarom moet hulle moed hou!

Heb 12:13 spoor die lesers aan hulle moet reguit paaie vir hulle voete maak, sodat wat lam is nie dalk mag swik nie. Spreuke 4:25-27 praat ook hieroor – lees dit. Vers 25 sê jy moet vorentoe kyk, jou blik moet reg voor jou gerig wees. Die punt wat die Hebreërs, en ons as gelowiges, moet raaksien is dit: As ons hande slap en knieë lam word in die wedloop, dan moet ons die pad reguit maak, en ons moet reguit vorentoe kyk. Wat beteken dit prakties? Onthou, wie het die weg waarop ons is, geopen? Jesus het die nuwe lewende weg geopen waarlangs ons besig is om in te gaan. Onthou wie Jesus is: Hy is die Leidsman of Pionier wat hierdie weg eerste bewandel het – Hy het reeds langs hierdie weg ingegaan en as Voleinder van ons geloof wag Hy vir ons aan die einde van die weg. As ons hande en knieë nou lam word, dan moet ons Hom in die oog hou – soos wat vers 2 al gesê het. Ons kan die pad reguit maak, as ons Hom in die oog hou – as ons reguit vorentoe kyk na Hom wat aan die einde van die weg vir ons wag. Ja, goed, maar hoe hou ek Hom in die oog? Paulus beskryf dit vir ons in Ef 6:10-18. In vers 10 sê hy: “Vind jou sterkte in die Here en in Sy geweldige krag” – dit is tog wat ons nodig het om die lam, slap hande en knieë op te tel. In verse 11-12 verduidelik hy ons doen dit deur die volle wapenrusting van God aan te trek – dan kan ons staande bly in die stryd teen die duivel en sy trawante. Hoe lyk hierdie wapenrusting? Ons moet ons heupe omgord met die waarheid. Watter waarheid? Jesus is die waarheid – die waarheid dat Hy die weg geopen het en ons by die voleinding van ons geloof sal bring. Ons moet die borsplaat van geregtigheid aantrek. Watter geregtigheid? Die geregtigheid wat Jesus as ons Leidsman vir ons bewerk het. Ons moet skoene aantrek wat bereid is om die evangelie van vrede te verkondig. Watter evangelie van vrede? Die evangelie wat vertel van Jesus wat vrede bewerk het tussen God en Sy gelowige kinders. Ons moet die skild van die geloof opneem. Watter geloof? Geloof in Jesus, wat die Leidsman en die Voleinder van ons geloof is. Ons moet die helm van verlossing dra. Watter verlossing? Die verlossing wat Jesus vir ons bewerk het. Ons moet ook die swaard van die Gees, dit is die Woord van God, opneem. Watter Woord? Jesus is die Woord, Hy is die inhoud van God se Woord aan ons. Dit is hoe jy jou slap hande en lam knieë optel, dit is hoe jy die pad reguit maak: deur Jesus in die oog te hou! Deur te glo Hy is die waarheid, Hy is die bewerker van geregtigheid, Hy is bewerker van vrede, Hy is die Een in wie jy glo, Hy is die verlossing, Hy is die Woord.

Ek maak my slap hande en lam knieë sterk, deur my in die werk van Jesus te verdiep en my daarin te verlustig. Ek bestudeer wat God oor Hom geopenbaar het, ek bid dat die Heilige Gees dit vir my verstaan sal maak, ek bid dat dit nie bloot akademiese kennis sal bly nie, maar dat ek deur die tugtigings van die Here ook sal leer om Hom werklik te vertrou as Leidsman en Voleinder van my geloof. Ek bid dat ek sal ervaar hoe my hande en knieë sterk word. Ek hou moed, terwyl ek ervaar hoe God dit al meer en meer in my werk – juis te midde van die stryd, te midde van tugtigings.

Strewe! (Heb 12:14)

‘n Tweede area waarop ons moet fokus, word in Heb 12:14 beskryf. Lees dit. Die opdrag hier is dat ons moet “streef”. Waar ons in verse 12-13 gefokus het op die feit dat ons moet moed hou deur te onthou en te fokus en te leer van Jesus, verskuif die fokus nou na wat ons moet doen – en die opdrag is: Ons moet streef. Om te “streef” beteken om jou in te span. Dit verg moeite, bewustelike inspanning waarop jy jou moet toelê. Vers 14 gee vir ons twee sake waarna ons moet streef terwyl

ons in die stryd is wat gepaardgaan met die wedloop van die geloof: Ons moet streef na (1) vrede met almal, en (2) heiligmaking, waarsonder niemand God sal sien nie.

Ons kyk eerstens na: Ons moet streef na vrede met almal. Daar is verskillende sienings oor hoe hierdie gedeelte van die vers geïnterpreteer moet word. Moffat redeneer die vers moet soos volg vertaal word: Ons moet met almal streef na vrede. Hy redeneer die oproep is dat gelowiges almal saam moet streef na vrede, en dan, by implikasie, beteken dit ons moet streef na vrede met God. Natuurlik smag gelowiges na vrede met God, trouens Rom 5:1 leer ons dat vrede met God die resultaat is van ons regverdiging deur geloof. Ek stem egter eerder saam met kommentatore soos Pink en Olyott se interpretasie van die vers en soos die meeste vertalings dit vertaal: Ons moet streef na vrede met almal – en die “almal” verwys sekerlik ten minste na alle medegelowiges, maar heel waarskynlik selfs wyer: na alle mense. Dit is tog in lyn met wat ons byvoorbeeld lees in Rom 12:18 “As dit moontlik is, sover dit van julle afhang, leef in vrede met alle mense.” In Mat 5:9, as deel van die bergpredikasie, lees ons dat Jesus geleer het: “Gelukkig is die vredemakers, want hulle sal kinders van God genoem word”. Gelowiges is dus vredemakers, hulle is nie daarop uit om voortdurende geskille te soek en te dryf nie. Ons het tog sopas gesien dat gelowiges as skone die bereidheid om die evangelie van vrede te verkondig, aanhet. Boonop, God is tog immers “die God van vrede” (Heb 13:20).

Stuart Olyott herinner ons daaraan dat baie van die stryd wat deel is van die wedloop van die gelowige, kom juis deur interaksie met ander mense – die “ander mense” sluit gelowiges sowel as ongelowiges in. Dikwels gebruik die Here juis mense wanneer Hy ons tugtig – dink maar aan die Hebreërs se worsteling met die Jode. Die Bybel is baie duidelik in terme van God se verwagting oor hoe gelowiges met ander mense moet lewe. Die tweede tafel van die tien gebooië spel dit vir ons uit. In die opsomming van die wet sê Jesus dat ons ons naaste moet liefhê soos onself. Trouens, ons moet selfs ons vyande liefhê. Olyott redeneer dan dat wanneer ons in ‘n stryd gewikkel raak met ander mense, moet ons juis die geleentheid gebruik om te groei. In daardie interaksie moet ons die geleentheid aangryp om te groei in ons strewe na vrede. Dit het verreikende implikasies vir hoe ons optree in daardie stryd. Dit beteken ons behoort beheersd op te tree. Dit beteken ons moet selfs bereid wees om onreg te verduur. Dit beteken ons moet leer uit Jesus se optrede. In 1 Pet 2:23 lees ons van Hom: “toe Hy uitgeskel is, (het Hy) nie teruggeskel nie, toe Hy gely het, (het Hy) nie gedreig nie, maar Homself toevertrou aan Hom wat regverdig oordeel”. Wanneer ons uitgeskel word, behoort ons ook nie terug te skel nie, behoort ons nie te reageer met allerlei dreigemente nie. Nee, ons moet soos Jesus onthou dat God wel eventueel sal oordeel, en Hy gaan regverdig oordeel.

Natuurlik leef ons in ‘n sondegevalle wêreld, en dit is sekerlik moontlik dat daar tye gaan wees waar ons nie met die wêreld kan saamstem nie, byvoorbeeld wanneer die wêreld van ons verwag om willens en wetens teen God se wil op te tree. Maar dan reageer ons steeds nie deur hulle te dreig en uit te skel nie. Dan maak ons ons standpunt duidelik, en is daarna selfs bereid om onreg te verduur – soos Jesus. As Rom 12:18 sê: “As dit moontlik is, sover dit van julle afhang, leef in vrede met alle mense”, beteken dit dat ons as gelowiges alles moontlik in die stryd moet werp om in vrede te leef met alle mense. Ons behoort nie die oorsaak van onvrede te wees nie.

Die tweede saak waarna ons moet streef, is heiligmaking. Ek stem saam met die kommentatore wat redeneer die heiligmaking wat ons hier in gedagte moet hê, is die persoonlike en praktiese heiligmaking wat alle gelowiges moet ondergaan as deel van hulle verlossing. Dit volg noodwendig op regverdigmaking en dit gaan heerlikmaking vooraf. Heiligmaking is essensieel vir gelowiges, want hulle moet heilig wees, soos wat God heilig is (1 Pet 1:16). Gelowiges moet daarna streef om steeds meer en meer heilig te wees, want God is volmaak heilig. Natuurlik is heiligmaking nie iets wat gelowiges uit eie krag vermag nie, nee, die Heilige Gees werk in hulle. Maar dit is netso belangrik om

te verstaan dat dit 'n saak is waarby gelowiges bewustelik betrokke is, en waarop hulle hulle moet toelê – hulle moet daarna streef. Die punt van die Hebreërskrywer is tog dat die rede waarom ons tydens die wedloop in stryd betrokke raak en waarom God ons tuchtig, is juis om geleentheid skep om te groei in heiligheid. Daarom word ons opgeroep om juis te streef na heiligheid.

Ek dink AW Pink maak twee sinvolle opmerkings in sy kommentaar oor hierdie vers:

- Hy sê soos wat die eerste gedeelte van vers 14 wat sê “streef na vrede met alle mense”, verwys na ons verhouding tot ons medemens wat ons moet liefhê soos onself, so verwys die tweede gedeelte van die vers wat sê “streef na heiligmaking” na ons verhouding met God wat ons bo alles moet liefhê.
- Hy sê ook: Omdat ons strewe na heiligheid 'n direkte verband het met ons verhouding met God, terwyl ons strewe na vrede 'n direkte verband het met ons verhouding tot ons medemens, daarom moet ons strewe na heiligheid prioriteit neem bo ons strewe na vrede met alle mense. M.a.w. as ons in 'n situasie is waar ons op 'n onheilige manier moet optree om vrede met ander mense te hê, moet ons eerder heilig optree sodat God se heiligheid nie skade ly nie.

Heb 12:15 voeg by dat niemand God sal sien sonder heiligmaking nie. As ons hier lees “niemand sal God sien nie”, verwys dit sekerlik in die eerste plek na die feit dat so 'n persoon nie met die wederkoms sal hoor dat hy God se koninkryk sal beërwe, en dus die ewigheid saam met God sal deurbring nie. Die rede hiervoor is natuurlik dat die persoon nie heilig is nie, terwyl God wel heilig is. God duld eenvoudig niks in Sy teenwoordigheid wat nie heilig is nie – dink maar net aan die beperkte toegang tot die Allerheiligste in die Ou Testament waar net die hoëpriester mog ingaan, en net een maal per jaar met bloed. Daarom is dit so belangrik dat gelowiges moet streef na heiligmaking.

Maar ons kan waarskynlik selfs meer lees in die feit dat iemand sonder heiligmaking God nie sal sien nie: In Heb 11:27 het ons gelees dat Moses Hom, waarskynlik Christus (sien vers 26), gesien het. Gelowiges sien tog reeds iets van God in hierdie lewe – ja, dit is ten dele en gebrekkig. Maar gelowiges wat hulle toelê op heiligmaking sien reeds meer van God as ongelowiges.

Sorg! (Heb 12:15-17)

Tot dusver het ons gesien in hierdie wedloop moet ons moed hou en ons slap hande en lam knieë optel deur ons gedagtes en fokus op Jesus te rig. Daarna het ons gesien ons moet nie net leer en dink nie, ons moet ook doen – ons moet streef om in vrede met alle mense te leef en ons moet streef in heiligmaking, want daarsonder sal ons nie God sien nie.

Daar is 'n derde saak waarop ons moet fokus. Tot dusver was die fokus op wat die gelowige vir homself moet doen. Maar gelowiges leef nie net vir hulleself nie – hulle is deel van die liggaam van Christus saam met ander gelowiges. Die derde fokusarea is dat ons na hierdie medegelowiges moet omsien, oftewel dat ons vir hulle moet sorg. In verse 15-17 word twee aspekte vir ons uitgelig waarop ons moet fokus: (1) Gelowiges moet toesien dat niemand die genade van God verspeel nie (v15), en (2) Gelowiges moet toesien dat niemand sedeloos of goddeloos optree nie (v16).

Ons kyk eers na gelowiges moet toesien dat niemand die genade van God verspeel nie – dit is hoe die DAV vertaling dit vertaal, en is beter as die NAV vertaling wat sê: “Sorg dat niemand van die genade van God afvallig word nie”. Laasgenoemde kan die indruk skep dat iemand deel van God se genade was en toe later afvallig geword het. Die gedagte hier is nie soseer dat gelowiges moet toesien dat ander gelowiges nie afvallig word van God se genade nie, maar eerder dat hulle moet toesien dat die ander sogenaamde gelowiges nie net “speel” met God se genade sonder dat hulle

werklik daarin deel nie. Dit is eenvoudig so dat daar in die gemeente persone kan wees wat nie werklik gelowiges is nie. Hulle word deur hulle teenwoordigheid in die gemeente blootgestel aan God se genade, maar hulle “speel” net daarmee. Dink maar aan daardie ernstige waarskuwing wat die skrywer in Heb 6:4-6 gerig het oor sulke mense – dit is eenvoudig verstommend hoe betrokke mense kan wees in ‘n geloofsgemeenskap sonder om werklik te glo en werklik in God se genade te deel. Gelowiges het die verantwoordelikheid om toe te sien dat daar nie iemand in hulle midde is wat die genade van God verspeel nie.

Vers 15 voeg by: “sodat geen wortel van bitterheid opskiet, en moeilikheid veroorsaak, en baie daardeur besoedel nie”. Dit gryp terug na die hernuwing van die verbond in Deut 29. Lees verse 16-18. In hierdie verse lees ons dat die Here die volk, wat in die ou verbond die gemeenskap was van gelowiges, met die uittoeg uit Egipte die gode van ander volke laat sien het. Die Here het dit gedoen met die doel dat daar nie enige persoon onder die volk sou wees wat sy rug op die Here draai en ander gode dien nie (in Heb 12:16 se woorde: wat die genade van God verspeel nie), want as dit sou gebeur sou daar ‘n wortel onder die volk wees wat giftige plante en wildeals voortbring. Lees vers 19-20. So ‘n persoon kan dink hy sal geseënd wees, al is hy besig met afgodery, bloot omdat hy deel van die volk is. Maar die Here oordeel egter anders: Hy sal sy naam onder die hemel uitwis – want hy is ‘n giftige plant wat sy gif kan versprei onder die volk. En dit is die punt in Heb 12: Gelowiges moet toesien dat daar nie sulke giftige of bitter plante in hulle midde opskiet nie, want hulle veroorsaak moeilikheid en besoedel baie ander persone. Hierdie was juis die gevaar vir die Hebreërs, siende dat hulle besin het of hulle nie moet terugkeer na die Joodse geloof, en so hulle rug keer op die heerlike inhoud van die nuwe verbond nie. Die oproep is dat hulle moet toesien dat niemand in hulle midde hulle hieraan skuldig maak nie.

Die tweede saak waarna die gelowiges moet toesien is dat niemand sedeloos of goddeloos optree nie (v16-17). Natuurlik is dit so dat fisiese sedeloosheid ‘n gruwel is voor die Here. Dink maar aan 1 Kor 6:9-10 wat leer dat onregverdiges nie God se koninkryk sal beërf nie. En dan volg daar ‘n lys van wie onregverdiges is: hoereerders, afgodedienaars, egbrekers, manlike prostitute, mans wat met mans intiem verkeer, en nog ander. Maar die Bybel beskryf dikwels afvalligheid van God of afgodery as geestelike sedeloosheid – gaan lees maar weer die eerste paar hoofstukke van Hosea. Heel waarskynlik verwys die sedeloosheid in Heb 12:16 veral na geestelike sedeloosheid – meeste kommentatore is dit eens. Hulle redeneer: verse 16-17 gebruik juis Esau as voorbeeld, terwyl ons nêrens lees dat Esau skuldig was aan fisiese onsedelikheid nie, maar wel aan geestelike onsedelikheid of goddeloosheid.

Die oproep is dat gelowiges moet toesien dat niemand in hulle midde skuldig moet wees aan goddeloosheid nie – soos Esau was nie. Ons ken die geskiedenis van Esau. In Gen 25:29-34 lees ons hoe Esau sy eersgeboortereg aan Jakob verkoop het vir ‘n maaltyd. Dit was so dat die Here aan eersgeborenes besondere voorregte gegee het, soos byvoorbeeld ‘n dubbele erfposisie. Dit het egter geen waarde vir Esau gehad nie – vir hom was ‘n enkele maaltyd belangriker as die voorregte wat die Here aan hom toegeken het. Hy het sy fisiese behoeftes hoër geag as God se beloftes – dit is goddeloos. Ons weet ook wat die uiteinde was: Jakob het eventueel Isak se seën, wat eintlik vir Esau bestem was, op ‘n slinkse wyse bekom. Ons lees in Gen 27:38 dat Esau by Isak gepleit het en dat hy hardop gehuil het, maar Isak het geweier om sy seën aan Jakob terug te trek. Die punt is dat Esau sy kans verspeel het, en nou was die geleentheid vir hom om om te draai verby. Dit is die punt wat gelowiges ook moet begryp: Hulle moet toesien dat daar nie persone in hulle midde is wat skuldig is aan goddeloosheid nie. As hulle so ‘n persoon maar net laat begaan, kan dit gebeur dat die geleentheid vir hierdie persone om hulle te bekeer, oftewel soos vers 17 dit beskryf: om ‘n gesindheidsverandering te ondergaan, vir altyd verbygaan, soos vir Esau.

Gelowiges word opgeroep om toe te sien dat daar nie persone in hulle midde is wat die genade van God verspeel of besig is met goddeloosheid nie, omdat hierdie persone dikwels dit nie self sien nie. Hulle mag onder die indruk wees alles is wel, hulle is mos deel van die gemeenskap van die gelowiges – intussen is hulle nie werklik gelowiges nie. Gelowiges moet hierna oplet, en sulk persone waarsku waar nodig.

Opsomming en Toepassings

Die wedloop van die geloof word gekenmerk deur stryd en tugtigings van die Here. Dit mag ons van tyd tot tyd moeg en moedeloos maak. Die oproep in hierdie verse is dat ons op die volgende moet fokus:

- Tel op jou slap hande en lam knieë deur die pad van die wedloop reguit te maak. Dit doen jy deur jou denke te vul met die werk van Jesus – dit hou jou vol moed.
- Jou lewe moet gekenmerk word deur 'n voortdurende strewe na vrede met alle mense en na heiligheid – want jy weet God is heilig, en sonder heiligmaking sal jy nie God sien nie.
- Jy moet omsien na mense rondom jou in hierdie wedloop. Jy moet toesien dat niemand God se genade verspeel nie, en dat niemand skuldig is aan goddeloosheid nie.

By wyse van toepassing, kan ek jou vra:

- Wat doen jy om jou slap hande en lam knieë op te tel? Hoe maak jy die pad reguit? Hoe rig jy jou oog op Jesus? Verdiep jy jou doelbewus in Sy werk? Het jy byvoorbeeld 'n goeie begrip van wat dit beteken dat Hy die ware Hoëpriester en die ewige Koning is? Verstaan jy wat dit beteken dat Hy die Leidsman en die Voleinder van jou geloof is? Die rede hoekom die Bybel 'n boek soos Hebreërs bevat, is omdat dit 'n formidabele hulpmiddel is om hierdie pad reguit te maak en ons slap hande en knieë te versterk. Gebruik jy dit?
- Hoe lyk jou verhouding met ander mense? Hoe tree jy op wanneer jy deur ander uitgeskel word? Hoe tree jy op as jy veronreg word, byvoorbeeld as jou goed gesteel word? Hoe tree jy op as jy valslik beskuldig word? Getuig jou optrede dan daarvan dat jy daarna streef om in vrede met alle mense te leef? Of laat jy jou dan eerder self geld – soos wat die wêreld ons leer? Onthou, die Here tugtig die wat Hy liefhet. Is dit nodig dat die Here jou nog moet tug om meer te leer oor hoe om te streef na vrede met alle mense?
- Hoe lyk jou strewe na heiligmaking? Vorder jy? Maak jy gereeld 'n voorraadopname om te sien of jy vorder? Of dobber jy maar net voort? Worstel jy bewustelik met spesifieke sondes? Is verdere tugtiging deur die Here nodig? Verstaan jy hoekom heiligmaking so belangrik is? Sien jy al die Here, soos vers 14 sê, al is dit gebrekkig? Het jy begrip van God se heiligheid, al is dit gebrekkig?
- Is jy deel van 'n gemeenskap van gelowiges? Kan jy voorbeelde gee van waar hulle omgesien het na jou? Kan jy voorbeelde gee van waar jy omgesien het na hulle? Dink jy ooit oor jou medegelowiges se diens aan die Here? Kan jy met integriteit getuig dat sover jou kennis strek nie een van hulle met God se genade speel nie? Is daar wortels van bitterheid wat besig is om te groei in jou gemeenskap van gelowiges? Wat dink jy van die stand van die kerk in ons tyd?
- Die afgelope tyd het ons waarskynlik almal nuwejaarswense ontvang en uitgestuur. Hoeveel van hierdie wense se inhoud was belyd met Heb 12:12-17? Hoeveel van hierdie wense het ingesluit dat ons ons oog gerig moet hou op Jesus om so die 2023 pad reguit te maak? Hoeveel wense het as inhoud gehad dat ons sal streef na vrede met alle mense? (Let op dit is iets anders as net dat ons vrede sal hê.) Hoeveel wense se inhoud was om te streef na heiligheid? Hoeveel wense se inhoud was dat die persoon wat dit ontvang het werklik God

se genade na waarde sal ag, en in vrees voor Hom sal lewe? As jy dit as 'n barometer gebruik, is dit werklik onverwags dat ons land en die wereld lyk soos wat dit lyk? Behoort ons nie te verwag dat God sal oordeel verdere tugtiging is nodig nie?